


17de Sondag na Trinitates
Rom.10:9-17 -18 Sept. 2016

En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.” “Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoet kan jy van Hom hoor sonder dat iemand preek nie? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring.”

Die Israeliete het egter nie almal aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja sê immers: “Here, wie het die prediking geglo wat ons gehoor het?” Die geloof kom dus deur die prediking wat ’n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus (die verkondiging aangaande Christus / dit wat Christus self verkondig het).



Liewe gemeente,

Dit was in 1961 dat ’n man in ’n kunsmuseum in Skotland ingedring het met ’n baksteen om hierdie skildery te verpletter. Nee, nie omdat hy Christene gehaat het; intendeel, juis omdat hy ’n oortuigde Christen was. Dit was vir hom onaanvaarbaar om ’n perspektief te skilder wat ons mense verhewe bó die kruis geplaas het asof ons op Hom sou kon neerkyk. Die kunstenaar, **Salvador Dalí** (1951), het egter in gedagte gehad om die kyker uit te nooi om die oorsig te kry, om méér te sien as die mens op die aarde, om so te sê God se perspektief in te neem. Dis redelik ongewone invalshoek en dit verg bietjie tyd om gewoon te raak, waar ons andersins altyd na die kruis opkyk, vanaf die perspektief van die sondaar voor die kruis wat die nodig het om homself te ootmoedig en om barmhartigheid te smee. Hier egter, kyk ons van bo saam met Jesus wat ook afkyk na die aarde toe.

Dis deel van die perspektief waaraan Paulus ons laat deelneem in sy skrywe aan die Romeine reeds 9 hoofstukke lank. Dis eenvoudig om Paulus te volg maar dit verg ook moed om saam met hom te stap hoe hy die mensdom beskryf as ’n gevalle wêreld. Hy beskryf ’n mensdom wat sy rug teenoor God gedraai het en vir wie God ewe-eens die rug gedraai het. Soos vyande wat mekaar wil vernietig, staan die SkepperGod weggedraai en lewer die mensdom uit aan sy eie sonde, drifte en misdade sodat hulle hulself vernietig. Dan egter, in Romeine 3 die groot wending: in Christus draai God weer goedgunstig na die mensdom toe. Ons noem dit genade = God kom ge-nader na die mensdom toe, nader en nader, en laat sy Seun vir die mensdom aan die kruis sterf.

Die kruis staan nou midde in die mensdom; midde ook in ons erediens, hier bokant die altaar. Bokant het ons egter nie ’n liggaam geplaas nie omrede ons wil uitbeeld: Hy is die verese, opgestande Here, Hy leef in jou en my, in sy liggaam, die kerk. Ons is diegene wat Hom in die wêreld indra. Ons is sy liggaam.

As ons noukeurig kyk, sien ons die punte van die kruis wat 'n driehoek form met Jesus se hoof presies in die middel. Waardeur die skilder te kenne gee: alhoewel die Drie-enige God by die kruisgebeure aan die werk is, is die Jesus se hoof wat in die middelpunt is.



Jesus aan die kruis! - dit is die Evangelie, die blymakende boodskap vir die hele wêreld. 'n Wêreld wat in homself verstrik geraak het, wat onder die oordeel van God staan wat verlore sal bly, ontvang genade bo genade. En waar ook al gebrokenheid, sonde en dood bespeurbaar is, kom die kruis in – en daar is genesing, vergifnis en lewe.

In ons gesinne waar daar trane is, by ons werksplekke waar so baie ongeregtigheid geskied, in die politiek wat wêreldwyd onder die hande van enkele maghebbers swig, in die kosmos waar die vernietigende kragte aan die werk is – oorals is die kruis van toepassing om troos en verkwikking bring. Hier breek die hemel oop en vanuit die hemel kom die heil van Christus aarde toe. God sien die wêreld so anders as ons wat nog verstrik is in die duisternis en dood.

As jy mooi kyk, is nog iets opvallend in die skildery – daar is geen spykers in die hande nie. Nee, die bedoeling was nie om te fantaseer asof die kruisgebeure net simbolies sou wees, asof ons maar net aan 'n denkbeeldige gekruisigde sou moes dink, asof Golgota nie werklik histories sou gebeur het nie, maar die bedoeling is om uit te beeld: Hy hang daar uit vrye wilsbesluit. Dit is nie die spykers wat Jesus aan die kruis vasgepen het nie. Nee, ons onthou hoe Jesus vir Petrus gesê het: steek weg jou swaard; as Ek, Jesus, sou wou gehad het dat die hemelse leërskaer my moes verdedig, kon Ek legioene en biljoene engele oproep het om my te verdedig, maar Ek gaan uit My eie na die kruis toe. “Kom af van die kruis”, skree die fariseërs en owerstes van die Jode onder die kruis: “Kom af en red jouself en ons!” – maar Hy bly daar hang, elendig ontbloot, verduur alle smarte denkbaar. Jesus bly volkome in beheer tot die laaste asem - en juis daardeur bewys Hy Homself as die Seun van God om nie af te klim nie om nie gebruik te maak van sy goddelike mag nie. Dit is sy liefde wat Hom aan die kruis vasgehou het. Hy wou nie Homself red nie, maar besluit om vir jou en my daar te hang en uit te hou en alles te betaal, totdat Hy uitroep: “Dit is volbring! Dit is klaar!”

Geen spykers, geen bloedmerke – en alhoewel dit nie 'n realistiese uitbeelding van die kruisgebeure is nie, is dit deel van die boodskap van waarheid.

Paulus vra met 'n diep sug, soos die profete reeds voor hom: “Here, wie glo ons boodskap?” Dis ooglopend voor ons, maar ons begryp nie wat aangaan nie (vgl Jes 53) Waarom nie? Waarom wil Israel tot vandag toe nie gehoor gee aan die boodskap van die kruis nie? Waarom reageer so min mense op die blymakende Evangelie?, vra die prediker.

Iemand het eenkeer gesê: as ek mense sou kon oortuig, sou ek vandag nog die wêreld verander. Maar ons kan nie. En tog gebeur dat mense wel gehoor gee. Die vraag is dus eerder: waarom glo enige iemand nogtans aan die Woord van die kruis?

Dit, liewe gemeente, is inderdaad die wonderwerk van die Heilige Gees. Daar is nog steeds mense wat die boodskap hoor, en reageer met: Ja, dit het vir my gebeur! Ja, die Jesus, is ook my Here en my God! En Paulus voeg daarby: *as jy met jou mond bely en van harte glo, sal jy gered word!*

In Paulus se tyd was dit nodig om hierdie dinge weer duidelik te stel, omdat daar verdeeldheid in die destydse gemeente was. Daar was aan die eenkant Jode wat alleen deur onderhouding van die wet tot geluk en lewensvervuldheid wou kom. Die wet van God, die 10 gebooue, die wysheid van die ou mense, die orde in die natuur was vir hulle genoeg openbaring. Doen dit (!) en jy sal salig word. Teenoor hulle sê Paulus duidelik dat jy deur eie toedoen nie by God sal uitkom nie. Dit is GóD wat na jou toe kom - deur sy Seun te stuur. Hy kom vandag na jou toe deur sy Woord.

En aan die anderkant was daar Grieke wat die wysheid en waarheid binne in die mens se psige gesoek het. Deur te mediteer, deur selfannaliese, deur innerlik bloot op jou gevoelens en gedagtes te konsentreer, behoort jy tot insig te kom en hierdie insig behoort jou dan vry te maak. Teenoor hierdie Griekse strominge sê Paulus dan ook duidelik dat die waarheid nie binne in jou ontdek kan word nie. Binne in jou is die sonde, verdraaide gedagtes. Nee, die waarheid kom van buite jouself - deur die Woord wat jy hoor, dring dit in die hart. Dit is nie menslik maar goddelik. Jode, sowel as Grieke word slegs gered as hulle die één Here aanroep; en Hy verlos elkeen ongeag sy geartheid of herkoms.

Sien ons die waarde van die skildery wat die Woord ondersteun; dit kom van buite ons, ons hoor dit, ons sien dit, en ons neem dit ter harte: Ja, die genade is vir my bedoel! Dit het nie net 2000 jaar gelede op Golgota gebeur nie, dit gebeur vandag, vir my.

Meer nog, dit gebeur vir alle mense! Genade is vir almal! En Paulus verwys talle kere na die Ou Testament, na Abraham, na Deutronomium net voordat Israel die beloofde land ingetrek het: God het na julle toe gekom en julle uitgesonder het, nie omdat julle enige iets kan voorwys nie, maar net omdat Hy vir julle lief is. En dit word nog duideliker in Jesus Christus – dit is vir almal.

Onder die kruis sien ons die hele aarde ontvou. Nie net die uitverkore land Israel is geseënd nie, maar oorals waar die Woord verkondig word, kom God met sy genade. Daar is in Jesus geen onderskeid tussen Jode en Grieke nie, tussen man en vrou, tussen werkgewer of slawe nie, geen ras, taal of vaardighede maak meer saak nie in Christus: Enige iemand wat op die Naam van die Here roep, sal gered word. Hulle wat in Jerusalem is, in Judea en Samaria en oorals tot aan die einde van die wêreld.

En terwyl Paulus omtrend lieries raak hoe die genade vir almal geldig is, vra hy die eenvoudige vraag: Hoe? Hoe sal die mense hoor?

Laastens gaan Paulus kortliks in op die modus operandi, die manier hoe die geloof versprei.

Heel onder die prent sien ons 'n meer en 'n boot met 'n paar mense. Onverwyld dink ons aan die vissermanne wat Jesus as sy dissipels geroep het. Toe hulle nog besig was om hulle nette te versorg, met hulle gebrokenheid worstel, tree Jesus in hul' lewens in, en alles word anders.

Dis hierdie eenvoudige vissermanne wat later voor konings en keisers sal opstaan en getuig: "Ons kan nie anders om te praat van die groot wonderdade wat die Here gedoen het nie! Ons moet praat." En hulle woorde het gepaard gegaan met tekens. Waar hulle eers skrikkerig was en tydens die kruisebeure weggekrui het, het hulle later met volmag opgetree.

En die episode het homself honderde, duisende kere herhaal. Weer en weer tot vandag toe, staan mense by hulle werksplekke op en sê: ek leef nie meer vir myself nie maar vir God. Ek het genade bo genade ontvang. En van die dissipels het tuis gebly, van hulle het na ander dorpe getrek, van hulle het selfs na ander lande toe gegaan want die boodskap van redding en verlossing moet verkondig word in die hele wêreld.

Van die dissipels tot vandag is suksesvolle besigheidsmense, ander weer verloor hulle werk. Van die dissipels is bereid dat hulle beledig en verag word, Tot vandag toe word van hulle op gruwelikste manier denkbaar gemartel, onthoof, gekruisig. Maar die bloed van die martelare is die saad van die Christendom.

Paulus redeneer so te sê van agter na voor. Mense word verlos as hulle die Naam van die Here aanroep of bely. Maar hoe kan hulle Hom aanroep as hulle niks van Hom weet nie? Daarom moet daar gepreek word. Liewe gemeente, hoor julle hoe belangrik my en jou getuienis is, deur wie mense tot insig kom?! Maar hoe kan hulle mense met volmag en outoriteit preek as hulle nie gestuur word nie? En hoe kan hulle gestuur word as daar nie iemand is wat hulle stuur nie - naamlik Christus self.

Stuur Christus vandag ook nog Apostels en herders, vir jou en my. Ja, voltydse leraars word beroep en gestuur, maar sook elke lid wat aan die einde van 'n diens die seën ontvang, word die wêreld ingestuur, om die Evangelie te verkondig. As julle met die mond bely en van harte glo, dan het God sy doel in julle bereik. En terselfdertyd gebruik die Here weer hierdie belydenis om nou ook na ander mense te kom, sodat ook in hulle geloof tot stand sal kom. Wat se wonderwerk!

Sien in hierdie prent God se perspektief, onthou wat God gedoen het, en die manier hoe sy blymakende boodskap uitdra. 'n Laaste gedagte: Sien maar ook die beligting. Een kommentator het opgemerk, dit is soos 'n uurglas (lig-donker-lig). Dit tyd is kosbaar; dis genadetyd, dis eindtyd. Hou aan hierdie woord vas vir tyd en ewigheid: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.*

Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand oorskrei, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.